

20 Junie

Skrifgedeelte: Titus 3:1-11

Fokusgedeelte: Titus 3:8 (1983-vertaling)

“Onbetroubaar teenoor betroubaar”

Kan jy iets op hierdie aarde as absoluut betroubaar identifiseer? 'n Mens ... 'n finansiële belegging ... 'n voertuig ... noem wat jy wil ... daar is niks! Alles wissel en vergaan! Alles rondom jou is onbetroubaar! Een of ander tyd word jy teleurgestel ... 'n huweliksmaat wat ontrou is ... 'n belegging wat nie gewenste opbrengste lewer nie ... 'n kind wat sy opvoeding minag. As jy jou verwagting op die aardse vestig, gaan jy een of ander tyd deur die onbetroubaarheid van mense en selfs die natuur geknou word... vra maar vir die landbouer!

Tog is daar teenoor hierdie onbetroubaarheid “IETS” betroubaar wat nooit wankel of beswyk nie! “Dit is 'n betroubare woord: ‘So is ons dan deur sy genade vrygespreek en het ons erfgename geword van die ewige lewe wat ons verwag.’” Hoe wonderlik, dit hef ons op in hoë, hemelse sferes van betroubaarheid ... weg van die onbetroubaarheid van die aarde!

Dit plaas 'n geweldige verantwoordelikheid op elke gelowige! Jy moet van hierdie “betroubare woord” getuig, sodat ander wat daardeur tot geloof in God gekom het, hulle op goeie werke kan toelê! In die eerste plek moet jy, gelowige, uit dankbaarheid goeie werke doen ... dit is jou getuigenis! Kom ons noem dit “dankbaarheidswerke”.

Wat is goeie werke? Goeie werke “is slegs die wat uit 'n ware geloof volgens die wet van God tot sy eer gedoen word en nie die wat op ons goeie gedunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie” (HK Vr. 91) ... Werk wat gegrond is op die goeie gedunke van mense is onbetroubaar en gaan jou teleurstel!

Goeie werke van die gelowige is egter veel meer as om goeie daade te doen. Goeie werke beteken om iets met jou hele siel en al jou kragte aan te pak en uit te lewe, net soos 'n eienaar van 'n besigheid die hele dag al sy kragte, liggaamlik en verstandelik inspan om dit na vooruitgang te laat groei! So het die lewe van die gelowige as geheel die dryfkrag om dankbaarheidswerke te doen ... want hy het 'n betroubare woord wat sy lewe rig op die feit dat hy vrygespreek is van die sonde en 'n heerlike vooruitsig na die ewige lewe het!

Is dit nie so dat ons lewe hoofsaaklik sentreer op die onbetroubare, die aardse, die verganklike nie? Dit is die rede waarom jy so maklik morbied en depressief word! Onthou die betroubare woord en rig jou lewensuiting deur dankbaarheidswerke op die hemel!

Sing: Psalm 119:1 (1936)

Ds. J (Kobus) Marais (Emeritus)